HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Na ’n week soos verlede week besef ons weer eens hoe bevoorreg ons by Hoërskool Fichardtpark is met ’n groep personeel wat ongeëwenaard hulle kant bring.

ATLETIEK

Baie geluk aan die atlete wat mooi presteer het met die Vrystaat jeug en sub-jeug kampioenskappe (sien aangeheg die medalje-wenners se name).

Baie sterkte aan die atlete wat 6 en 7 Maart aan die Vrystaat Hoërskole kampioenskappe in Sasolburg deelneem (lys van die atlete is onder “Bronne” – Sport 2020).

MC DONALD'S SPORTDAG

Baie dankie aan die Fichie ouergemeenskap en leerders wat weer eens hulle kant gebring het toe ons baie afhanklik van elkeen se bydrae was. Julle is ware staatmakers. Die personeel wat die dag reël en organiseer het geen gelyke nie. Foto's is op die skool se Facebook-blad beskikbaar.

Eerstespanne se uitslae

Meisieshokkie wen 1-0 vs. Blouskool

Seunshokkie wen 5-0 vs. HTS Welkom

Netbal wen 37-17 vs. Rooiskool

Rugby wen 31-22 vs. Rooiskool

Skaak

1. Sentraal A 17
2. Grens A 13
3. Fichardtpark A 13
4. Noord-Kaap A 13
5. Brebner A 11
6. Jim Fouche 11
7. Grey A 10,5
8. Eunice A 9,5
9. Rooiskool A 8,5
10. Oranje A 8
11. Aliwal Noord 5,5

Vervolg....

Gholf

"Better Ball"

1ste met 44 punte

Franco Venter(Grey)

Juandré van der Merwe(Fichardtpark)

2de met 41 punte

Divan Smit (Grey)

2de met 41 punte

Divan Smit (Grey)

Devon Claasen (Fichardtpark)

Tennis

Eerste meisiespan 9de uit 18 spanne

Eerste seunspan 8ste uit 18 spanne

BORGSKAP

Opregte dank aan Adri en Jimmy Vorster van DJ Slaghuis vir die reuse borgskap van die lugverkoelers in die Omni-Sentrum. Wees verseker dat ons dit opreg waardeer en dat dit die Omni-sentrum nóg meer funksioneel maak.

MOTORS OP SPORTGRONDE

By Hoërskool Fichardtpark werk ons baie hard om ons sportgronde te ontwikkel en in stand te hou. Na die paar jaar se droogte is dit nog ’n groter uitdaging. Graag rig ons ’n vriendelike versoek aan ouers om nie onnodig met u motors op die sportvelde te ry nie.

WESGROW REEKS VS. HOËRSKOOL GOUDVELD

Sterkte aan ons leerders wat die naweek hokkie, netbal en rugby in Welkom speel. Dit is die eerste wedstryde in die Wesgrow reeks. Ons glo en vertrou dat dit goed sal gaan. Busse vertrek Saterdag-oggend om 05:30. Busgeld beloop R170 per leerder (Die program sal deur die dag onder “Bronne – Sport 2020” beskikbaar wees).

FICHIE-GROETE